REEKS: Wat ons wêreld NOU nodig het
TEMA: Goedheid

Wat ons wêreld NOU nodig het? _____

"Ek sê: Laat julle leefstyl eerder deur die Gees bepaal word. Dan sal julle glad nie aan die begeertes van julle sondige geaardheid toegee nie. 'n Mens se sondige geaardheid wil dinge doen wat teen die Gees is, en die Gees wil dinge doen wat teen jou sondige geaardheid is, want hulle is mekaar se vyande. Julle kan dus nie sommer maar net alles doen wat julle wil nie. Maar as julle deur die Gees gelei word, is die wet nie meer julle baas nie. Die dinge wat ons sondige geaardheid ons laat doen, is bekend: seksuele sondes, onreinheid, losbandigheid, afgodery, towerkuns, vyandigheid, rusie, jaloesie, woede, selfsugtige ambisie, verdeeldheid, partyskappe, afguns, dronkenskap, wilde partytjies en al sulke dinge. Ek herhaal my vroeëre waarskuwing oor hierdie dinge: Wie sulke dinge doen, sal nie as erfgenaam deel hê aan God se koningsheerskappy nie. Maar die vrug wat die Gees voortbring, is: liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid en selfbeheersing. Teen sulke dinge is daar nie 'n wet nie."
Galasiërs 5:16-23 (NLV)

GOEDHEID

"Goedheid is liefde in aksie."
Rick Warren

Die barmhartige Samaritaan (The Good Samaritan)

Lukas 10:25-37

1. **WEES SENSITIEF**

Goedheid kyk met sensitiewe oë.

2. **WEES SIMPATIEK**

σπλαγχνίζομαι (splagchnizomai)

Jesus sien 'n groot skare mense wat soos skape sonder 'n herder is.

"Toe Hy die menigtes sien, het Hy hulle innig jammer gekry,
want hulle was moeg en hulpeloos soos skape wat nie 'n wagter het nie."
Matteus 9:36 (AFR83)

Jesus maak twee blindes gesond.

“Jesus het hulle innig jammer gekry en hulle oë aangeraak.
Dadelik kon hulle sien en het hulle Hom gevolg.”
Matteus 20:34 (AFR83)

Die genesing van 'n melaatse man.

“Daar kom toe 'n melaatse man na Hom toe wat smekend op sy knieë voor Hom neerval en vir Hom sê: “As U wil, kan U my gesond maak.” Jesus het hom jammer gekry, sy hand uitgesteek en hom aangeraak. Hy sê toe vir hom: “Ek wil. Word gesond!” Sy melaatsheid het onmiddellik verdwyn en hy het gesond geword.”
Markus 1:40-42 (AFR83)

Jesus hoor Lasarus is dood.

“Toe Jesus haar snikke hoor en ook hoor hoe die Jode huil wat saam met haar was, het Hy ’n knop in sy keel gekry. Hy het baie hartseer gevoel.”
Johannes 11:33 (DB)

“Jesus kon sy trane nie meer keer nie. Hy het gehuil.”
Johannes 11:35 (DB)

“Wees bly saam met dié wat bly is en treur saam met dié wat treur.”
Romeine 12:15 (AFR83)

3. WEES ONDERSTEUNEND

Hoe kan ek help?

4. WEES SPONTAAN

Jy word genooi tot ‘n lewe van goedheid – dit vind uitdrukking in hoe jy optree.